

## VAN STAMVERWANTE BODEM

Onlangs het die jongste uitgawe van die *Bijdragen en Mededelingen van het Historisch Genootschap* (Utrecht), deel 82, by die drukkers-uitgewers Wolters-Noordhoff N.V., Groningen, Nederland, verskyn. In hierdie deel kom o.m. die verslag van die Algemene Vergadering voor wat op 30.10.1967 gehou is. O.m. is deur die voorsitter van die H.G., prof. dr. J. H. Kernkamp, die heengaan van prof. dr. P. Geyl herdenk. Die H.G. het op die dag van die byeenkoms 987 lede (buiteland: 96 en 12 lede-instellings) getel. Verskillende nuwe uitgawes is aangekondig terwyl prof. dr. S. L. van der Wal die aanwesiges oor die onderwerp *De Nationaal-Socialistiese Beweging in Nederlandsch-Indië* toegesprek het.

Insiggewend is veral spreker se beskouings oor die politieke denke en organisasies van Nederlanders in Oos-Indië gedurende die laaste kwart van die vorige en aan die begin van die huidige eeu. Onverskilligheid, gebrek aan politieke skoling, gebrek aan toewyding ten opsigte van hul taak in die kolonies en daarteenoor die begeerte om ryk te word en mettertyd na Nederland terug te keer, was — aldus spreker — faktore wat 'n rol gespeel het. Verder was die koloniale Nederlander bewus van die leierskap van sy groep te midde van 'n gemengde samelewing en was, aldus spreker „de drang tot zelfhandhaving de sterkste drijfveer geweest van het politiek denken en handelen van de koloniale Nederlander” (p. 39). Ten opsigte van die Indonesiese nasionalisme het die standpunt van die bestaande Nederlandse politieke groepe in Oos-Indië verskil.

Sedert 1933 het die leier van die Nederlandse Nasionaal-Sosialiste (N.S.B.), ing. Mussert, sy beweging in Oos-Indië begin organiseer. Aanvanklik was daar uitbreiding wat egter in 1937 ten einde geloop het. Ten tye van die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was die N.S.B. in Oos-Indië onbeduidend. In Mei 1940 is, behalwe ongeveer 2,400 Duitse staatsburgers, ongeveer 500 N.S.B.-ers geïnterneer. Spreker het tot die gevolgtrekking gekom „dat de betekenis van deze beweging als politiek phenomeen voor Nederlands-Indië gering is geweest” (p. 55). Ook het die Indiese volksbeweging (Gerindo) die N.S.B. prinsipiëel afgewys en beveg.

In verband met die Beeldestorm verwys ons na A. C. Duke se bydrae *An enquiry into the troubles in Asperen, 1566-1567* (pp. 207-211), wat gebaseer is op 'n dokument wat deur die skrywer in die Brusselse Rijksarchief geraadpleeg is.

Prof. dr. W. Jappe Alberts en A. G. van der Steur het, as no. 36 in die *Fibulareeks* (Bussum, 1968) die *Handleiding voor de beoefening van lokale en regionale geschiedenis* (pp. 142, met afb.) opgestel. Hierdie werkie handel oor die beskikbare historiese materiaal (geskrifte, kaarte, topografiese afbeeldings en voorwerpe) en vertel waar dergelike bronne in landelike, provinsiale en plaaslike instellings en dokumentêre versamelings in Nederland gevind kan word. Die volgende afdelings handel oor die ondersoek (keuse van onderwerp, versamel van materiaal, die voortgesette ondersoek, literatuur) en die publiseer van die gegewens. Ten slotte word gegewens met betrekking tot die voorligting aangaande die beoefening van streek- en plaaslike geskiedenis in Engeland, België, Frankryk, Denemarke, Duitsland, Noorweë, Finland, Switserland en Nederland verstrekk.

Vir beoefenaars van die geskiedenis in ons land lê die waarde van hierdie publikasie veral in laasgenoemde mededelings. A. G. van der Steur hou homself, as 'n amateur-historikus, besig met plaaslike geskiedenis.

Volgens 'n mededeling in die Julie-uitgawe van die maandblad *Nederlandse Post* (Kaapstad) is prof. dr. M. D. Ozinga, 'n bekende hoogleraar in die argitekturegeskiedenis aan die universiteit van Utrecht, oorlede. Hy het hom o.m. vir die bewaring en wetenskaplike beskrywing van die Nederlandse boukuns uit die koloniale tydperk (Ned. Antillen) beywer en was ook 'n kenner van die Kaaps-Hollandse boustyl.

Die geskiedkundige en argitektoniese literatuur oor Amsterdam is onlangs verryk deur die bekende algemene sekretaris van die *Rijksmuseum*, Ton Koot, bekend vir sy werk met betrekking tot die bewaring van bouwerke uit vergangende eeue. Hy het 'n paar jaar gelede hierdie belangrike aangeleentheid ook in ons land verduidelik en bepleit. Van sy hand het die uitgewers Scheltema en Holkema N.V. Amsterdam, die werk *Amsterdamse Poortjes 1480-1880* (80 bl.) verskyn. Verlug deur die kunssinnige tekenaar W. G. Hofker en van tekste voorsien deur die samesteller, is hierdie werk 'n lus vir die oog en die hart. Ruim 'n dertigtal poorte en poortjies is in hierdie werk beskrywe en afgebeeld, van die onbekende bouer van die huidige Waag (St. Antoniespoort), 'n bouwerk o.m. meesterstukke van Nicholas Stone, die skoonseun van Hendrik de Keyser: uit 1488; die VOC-poortjie wat vermoedelik uit die tweede helfte van die sewentiende eeu dateer; die „Lommerdpoortje” wat Joost van den Vondel geken het (p. 32); die fraai bewerkte kerkhofpoort van die Amsterdamse Westerkerk (p. 38), die „Oudemanhuispoort” (1754) en die „Muiderpoort” van omstreeks 1770; die „Willemspoort” van omstreeks 1840, en die poort van die „Rijksmuseum” wat 'n treffende voorbeeld van 'n laat-negentiende eeuse deurgang is.

In die jongste uitgawe van die *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 16, afl. I, 1968) is o.m. deur J. Verbeek aandag gewy aan die houtsnijwerk van die Zwolse meester Hermannus van Arnhem (oorl. 1708). Hierdie bydrae is van 'n aantal insiggewende afbeeldings voorsien. In dieselfde uitgawe is o.m. ook aangekondig dat by geleentheid van die 300ste sterfjaar van Rembrandt in 1969, 'n Rembrandt-tentoonstelling in die *Rijksmuseum* gehou sal word. Laasgenoemde museum is in 1967 deur ruim 775,000 persone besoek.

In die Vlaamse tydskrif *Ons Erfdeel* (jg. II, no. 3, Maart 1968), die algemeen Nederlandse driemaandelikse kulturele tydskrif onder redaksie van die vooruitstrewende Jozef Deleu, Rekkem, kom o.m. prof. dr. Rob. Antonissen se bydrae *De Zuidafrikaanse student-in-de-letters tegenover de Nederlandse letterkunde* (pp. 71-75) en Josef Kempen se beskouing oor die Deense minderheid in Duitsland, t.w. Schleswig-Holstein, waarvan 'n deel van die inwoners tot die Deense en 'n ander deel tot die Friese groep behoort, voor. Teenoor die Deensgesinde groep in die Duitse gebied staan 'n Duitsgesinde groep in Denemarke, aldus die skrywer wat aan die slot van sy bydrae verklaar dat die geskiedenis van die Sleeswykse grensland sedert meer as duisend jaar gekenmerk is deur harde stryd. Tans neem die goeie verstandhouding toe. O.m. is 'n aantal insiggewende kaarte aan die artikel toegevoeg soos een wat die historiese en staatkundige grense aandui, een wat die volkstemming van 1920 weergee en een waarop die Deense skole in Duitsland en die Duitse skole in Denemarke aangedui is.

Dr. J. Ploeger.